# IMPALA VOORTREKKERKULTUURKOMPLEKS

**Rooiboslaan 46 Allen Grove**

## HUUR VAN FASILITEITE VIR PRIVAATGEBRUIK

***Stuur bewys van betaling aan kantoor sowel as ingevulde vorm na :***
**finansies@impalavoortrekkers.org.za**

Datum van gebruik: __________________ Doel van gebruik: _________________________

| | | |
|---|---|---|
| Tydperk: | 18:00 Vrydag tot 10:00 Sondag | |
| Kostes: | R650 Impala Voortrekkers Offisiere. | Geen Deposito |
| | R900 Impala Voortrekker Ouer. | R900 Deposito |
| | R1250 Ander huurders. | R1250 Deposito |

Naam van verantwoordelike persoon: _________________________________________

Epos adres: ______________________________________

Selfoon: _________________________________________

**U bankrekening besonderhede**: Belangrik vir die terug betaling van die deposito, indien U dit nie invul nie sal ons dit as ‘n skenking aan Impala Voortrekker sien.

__________________________________________ __________________________________________________

Huur Betaalbaar: per bespreking soos bo gemerk .

Sleuteldeposito: per bespreking soos bo gemerk.

**Bankbesonderhede:** Impala Voortrekkers
Standard Bank 020299788
Tak nommer 051001

Deposito is betaalbaar om bespreking te bevestig.
Huur bedrag is betaalbaar 5 werksdae voor datum van gebruik.
Indien kansellasie nie gedoen word 7 dae voor die bespreekte datum nie, verbeur U die deposito.
Sleutels sal slegs verskaf word indien bewys van volle betaling gelewer is.
Sleutels word verkry en terugbesorg aan die aangewese offisier aan diens.

Ek verstaan en aanvaar die voorwaardes vir die gebruik van die perseel soos agterop uiteengesit.

_________________________ __________________________________

Handtekening Datum

<u>**VOORWAARDES VIR GEBRUIK VAN DIE PERSEEL:**</u>

1. Betaling van die huurgeld van die saal en kombuis beloop soos per bespreking. Betalings moet asb per EFT gedoen word en vir enige kontant inbetalings sal `n addisionele R50 bankkoste op daardie betaling gehef word.
2. ‘n Deposito soos aangedui is betaalbaar binne 5 dae van bespreking. Ingeval van kansellasie, word die deposito verbeur indien daar minder as 1 week oor is voor datum van gebruik. Indien kansellasie meer as 1 week voor datum plaasvind, sal 50% van die deposito terugbetaal word.
3. Impala Voortrekker kommando neem geen verantwoordelikheid vir enige skade en beserings wat op die perseel opgedoen mag word nie en is vrygestel van enige eise wat tydens die gebruik van die perseel en toerusting mag ontstaan.
4. Enige koste vir skade of verlies aan die kompleks of toerusting op die perseel wat ontstaan tydens die gebruik van die perseel en toerusting is die gebruiker se verantwoordelikheid.
5. **Geen versierings mag aan die mure aangebring word nie. (met prestic, sellotape, maskeerband ens)**
6. Gebruikers van die kompleks is daarvoor verantwoordelik dat die kompleks en terrein skoon en netjies gelaat sal word na gebruik. Indien dit nie skoon is nie, sal die volle of ‘n gedeelte van die deposito verbeur word.
7. Huurders sorg vir eie toiletpapier, handdoeke, vullissakke en skoonmaakmiddels. **Asblikke moet leeg gemaak word en nuwe asbliksakke moet ingesit word. Vullis moet self verwyer word. Die vloere moet met dettol gewas word in die COVID tydperk.**
8. Die kompleks is ‘n rookvrye area en u word vriendelik versoek om nie in die gebou te rook nie. Indien daar op die perseel gerook word moet **alle stompies verwyder word**.
9. Skoolgaande kinders mag slegs die swaaie gebruik en dan op eie risiko. Die res van die speelapparaat is vir **voorskoolse kinders ontwerp** en moet asseblief nie deur die groter kinders gebruik word nie.
10. Die **sandput** moet asseblief nie oopgemaak word nie. Dit word toegehou sodat die katte dit nie as ‘n toilet gebruik nie.
11. Kinders mag nie items bo-op die dakke gooi of op die dakke klim nie. Behalwe die gevaar aspek duik en buig die dakplate wanneer hulle daarop loop.
12. Toerusting in die saal (bv. Tv en videomasjien) moet asseblief nie sonder toestemming gebruik of uit die saal verwyder word nie.

13. Rolskaatse asook “heelies” mag nie op die terrein gebruik word nie. Die trappies op die stoepe en die staal pilare maak die gebruik van die skaatse baie gevaarlik.
14. Weens die glas skuifdeure in die saal word rowwe bewegings spele nie in die saal toegelaat nie. Indien glasdeure gebreek word sal die huurder verantwoordelik wees vir die betaling tot die herstel.
15. Die kompleks het twee elektriese verdeler borde: een in die kombuis en die ander een in die Voortrekker spankamers. Wanneer die krag uitskop kan dit gewoonlik weer in die kombuis aangeskakel word.
16. Maak asseblief seker dat die stowe en ligte afgeskakel word, waterkrane toegedraai is en dat alle deure en hekke toe en gesluit is voordat u vertrek.
17. **‘n Besem en ‘n “mop” moet deur huurder saamgebring word om skoon te maak**. Die vloere moet asseblief met **dettol/savlon gemop word** na die funksie vir sanitasie doeleindes.
18. Geen musiek/geraas mag na 23h00 oor naweke gemaak word nie. Ons is in ‘n residensiële gebied.
19. Die sleutel deposito sal slegs terugbetaal word na ‘n inspeksie van die perseel en ontvangs van die sleutels. Indien saal/kombuis vuil agter gelaat word sal koste vir skoonmaak van u verhaal word & sal die deposito verbeur word.
20. Sleutels moet  gelewer word op die daaropvolgende oggend na die aand funksie. Vir ander funksies moet sleutels gelewer soos ooreengekom met verhuurder.
21. Indien die sleutels laat terug besorg word of die volgende dag sal daar n addisionele dag tarief gehef word vir elke dag wat sleutels laat is.

---